HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Baie sterkte aan elke leerder wat die week besig sal wees met die eksamen!

PERSONEELPRESTASIES

Baie geluk aan die volgende personeel wat verkies is op verskillende besture.

Me. Cicilia van Heerden: Hoërskole Voorsitter Groter Bloemfontein Netbalbestuur.
Mnr. André-Pierre Burger: Voorsitter Motheo Hoërskole Krieketbestuur.
Mnr. Riaan Herholdt: Keurder o/16 Grant Khomo span.
Mnr. Dirkie Groenewald: Keurder o/18 Cravenweek span.

JAARBLAD

Bestel en betaal 'n Jaarblad @ R100 by die finansiële kantoor. As jy jou geld bywyse van EFT betaal het, handig die betalingsbewys in by
Me. E Gouws.

SLUITKASSIES (LOCKERS)

Leerders wat wil aangaan met hulle sluitkassies vir 2019 moet voor of op 9 November sleutels inhandig by Mnr Schalk Louw. Leerders wat nie meer 'n sluitkassie benodig vir 2019 nie ontvang 'n bewys van Mnr Louw (faktotum) sodat hulle hul deposito kan opeis.
Koste:
R300.00 vir nuwe sluitkassie en
R250.00 om te hernu.

KRIEKETUITSLAE

o/15A vs Diamantveld o/15A
Fichardtpark kolf eerste en teken 153 lopies aan.
Uitblinkers met die kolf:
Jandré van der Merwe 70 lopies.
Hanco Swanepoel 49 lopies.
Léchandro Buys 3 paaltjies vir 17 lopies.
Diamantveld wen met 3 paaltjies.

o/19B vs St. Andrews o/19C
Saints kolf eerste en teken 125 lopies aan.
Fichardtpark gaan kolf en teken die lopies aan sonder verlies van 'n paaltjie en wen met 10 paaltjies.
Ruan Herbst 62 lopies.
Denzil Prince 42 lopies.

Krieketbepalings vir die week
Maandag 29 Oktober: Eerstespan vs Diamantveld (tuis)
Woensdag 31 Oktober: o/15B vs HTS Louis Botha (weg)
Woensdag 31 Oktober: o/15A vs GreyA (tuis)
Vrydag 2 November: Eerstespan vs Grey o/19B (tuis)

EKSAMENREëLINGS

1. Gedurende die eksamen begin die skool om 08:00 waarna die opening op elke dag se administrasie eers afgehandel word voor die aanvang van die eerste skryfsessie. Wees dus bewus daarvan dat die skryfbeurt eers teen ongeveer 08:30 sal begin.
2. Die 2de sessie se aanmeldtye is op die eksamenrooster aangedui. Leerders meld 15 minute voor die aanvang van die 2de sessie op die plaveisel aan.
3. **LET OP UITSONDERING OP TYE:**
    - Op 2 November en 16 November begin die eksamentbeurt om 07:30.
    - Op 9 November meld die leerders om 08:30 aan vir hulle eksamenbeurt aangesien dit Mnr van der Merwe se verjaardag is. Na afhandeling van 'n paar formaliteite sal hul eksamensessie in aanvang neem.
4. Leerders moet daagliks, voor die skryfbeurt, die eksamenvak se handboeke/ander eiendom van die skool inhandig.
5. Diegene wat handboeke tuis vergeet sal waar moontlik huis toe gestuur word om dit te gaan haal.
6. Leerders wat weens siekte / nood nie kan skryf nie moet 'n doktersertifikaat inhandig.
7. Die middag busdiens na Pellissier en Fleurdal sal na afloop van die skooldag beskikbaar wees.
8. Die graad 10 en 11 leerders het Woensdag 31 Oktober 'n blokdag.

SPORTTOERE – MAART 2019

Ouers moet onthou van die Hokkie (seuns en dogters), netbal en rugbytoere in Maart en April 2019. Die toere is ongelooflik duur. Maak asseblief reeds nou voorsiening indien u dink u kind sal in een van die spanne opgeneem word.

BEGROTINGSVERGADERING

Goedkeuring van begroting vir 2019
Donderdag 8 November om 18:00 in die skoolsaal.

FICHIE-GROETE